## 5 Februarie - BEMINDE

**Skrifgedeelte: Deuteronomium 33:1-12 (OAV/NAV)**
**Fokusgedeelte: Deuteronomium 33:12 (OAV/NAV)**

Moses seën die volk voor sy dood. Vir elke stam is daar 'n seën. Vir die stam Benjamin is daar ook 'n besondere seën: kort, maar so kragtig. Benjamin is die beminde van die Here.

Bemin beteken wanneer iemand besig is om vir jou lief te wees. God se liefde is 'n aktiewe liefde, dis 'n daad-liefde. God het nie vir Benjamin net eertyds liefgehad nie, God het Benjamin steeds lief.

Om iemand se beminde te wees, het ook die betekenis van iemand wat eerste staan. Jou beminde is die een wat jy bo almal liefhet. Daarom kan Benjamin veilig by die Here woon. As jy die Almagtige se beminde is, sal jy mos veilig wees en dan kan jy mos by Hom skuil.

Verder staan daar: God sal vir Benjamin die hele dag beskerm. God is nie net soms lief vir Benjamin nie, Hy bemin hierdie stam. Met die intog het Benjamin se grondgebied baie naby aan die tempel gelê, veilig tussen die ander stamme weggesteek.

Hierdie seën beteken egter meer as dit. Vir Benjamin en ons om God se beminde te wees, moes God sy eie Beminde nie beskerm het nie. God se Beminde het nie veilig by Hom gewoon nie. Hy moes sterf aan die kruis, sodat ons weer God se benindes kan wees. In Christus is dit nie net Benjamin nie, maar God se hele volk, al sy kinders wat die bemindes van God is. Diegene wat Hy bo alles liefhet, vir wie Hy eerste liefgehad het, diegene vir wie Hy aktief lief is.

Dink u so aan uself? Ek is die beminde van God. Die beminde van Jesus Christus. Ek woon veilig by Hom, Hy beskerm my die hele dag, want ek word deur God bemin.

Ja, ook in hierdie dag sal die Here sy bemindes beskerm!

*Sing: Psalm 91:7, 8 (1936-beryming)* *Ds RA Bain (Cachet)*